




**Lot 1 - AVW17-086**

Mooi verdonkering, goeie toplyn en breedte tussen die skouers, sterk kop en bek met goeie breedte tussen die oë. Dik bul met breedte asook goeie binne en buite dye. Lekker kompakte bul vir die stoetbedryf
Bul met goeie, wakker houding.



**Lot 4 - FJK17-004**

Die bul het goeie lengte en uitstaande balans, goeie vel en haar. Mooi toplyn met goeie skof en manlikheid, goeie breedte met goed gevulde binne en buite dye.
Baie korrekte bul wat in enige kudde 'n aanwins sal wees.
Die bul is verseker stoet- potensiaal



**Lot 6 - FJK17-003**

'n Donker bul met goeie pigment, vel en haar. Mooi toplyn, skof met goeie oogspierontwikkeling. Bo-gemiddelde bespiering, breedte, kapasiteit, balans en dye, asook baie goeie testes. Die bul trap baie goed en het houding. Bul wat jy verseker kan merk.



**Lot 8 - AVW 17-046**

Mooi donker en manlik, goeie toplyn, lengte en uitstekende balans. Sterk kop en bek, goeie kapasiteit en breedte. Die bul kan mens gemaklik op verse gebruik.
Bul met goeie, wakker houding.



**Lot 10 - AVW18-031**

Jong bul met baie potensiaal, donker bul met goeie pigment en sterk kop. Mooi toplyn, skof met goeie oogspierontwikkeling, bo gemiddelde bespiering, breedte, balans en dye. Goeie lengte met baie goeie vel en haar. Bul met goeie bene. Kan beslis dopgehou word.



**Lot 12 - AVW17-036**

(AG02-251 kleinseun) Goeie skofontwikkeling, toplyn met breedte tussen die skouers en vol in die lende. Goeie pigment, goeie bespiering, balans en breedte en bul met goeie loopveroë. Goeie agterkwart en lang stert.
Sterk bul met goeie stoetpotensiaal

KLIEK HIERONDER OM ONS VEILINGS- VIDEO TE BESIGTIG

CLICK BELOW TO VIEW OUR AUCION VIDEO

KLIEK HIERONDER OM ONS BUL- KATALOGUS AF TE LAAI

CLICK BELOW TO DOWNLOAD OUR BULL CATALOGUE

Fafa van der Westhuizen

**TEL** +27 12 347 0958 **FAKS** +27 12 347 9749 **SEL** +27 71 600 0792
**E-POS** fafa@dampoortbonsmara.co.za **WEB** www.dampoortbonsmara.co.za
**POSADRES** Posbus 65165, Erasmusrand, 0165

LID VAN DIE SENTRAAL BONSMARA GROEP

dampoort bonsmara
AANPASBAAR VRUGBAAR WAARDE